

# PRIMêRE SKOOL GERT MARITZ

Om deur middel van ouer-en onderwyserbetrokkenheid  
optimale ontwikkeling van gelukkige leerders op alle terreine te verseker



## GEDRAGSKODE EN DISSIPLINêREBELEID VIR LEERDERS

### 1. ALGEMENE KOMMENTAAR

- 1.1 In hierdie Skoolgemeenskap is 'n gedragskode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik, nl om 'n doelgerigte en veilige skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van 'n positiewe leerproses, te vestig.
- 1.2 Hierdie gedragskode word gebaseer op die erkenning van die menswaardigheid van elke leerder en moet billik, regverdig, en konsekwent toegepas word met die oog op korrektiewe gevolge vir die individu.
  - 1.1.1 Die begrip RESPEK is sentraal in ons strew.
  - 1.1.2 Respek vir God - sy Woord en die riglyne daarin vervat.
  - 1.1.3 Respek vir myself - my voorkoms, werksgehalte en gedrag binne en buite die skool.
  - 1.1.4 Respek vir ander - meerderes, minderes en gelykes as mense, asook hul eiendom.
- 1.3 Hierdie gedragskode se grondlegging lê in:
  - 1.1.1. die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet no 108 van 1996;
  - 1.1.2. die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, artikel 1;
  - 1.1.3. die behoeftes en algemene belang van die gemeenskap wat ons skool bedien;
  - 1.1.4. die kulturele milieu van die ouergemeenskap.
- 1.3 Niks sal 'n leerder daarvan vrystel om aan die gedragskode van die skool gehoor te gee nie. (Staatskoerant No: 18900 van 15 Mei 1998).
- 1.4 Hierdie gedragskode moet saamgelees word met alle toepaslike wetgewing (Nasionaal & Provinsiaal) en in die geval van 'n teenstrydigheid sal laasgenoemde toegepas word.
- 1.5 Ten einde te verseker dat die toepassing van die beleid konsekwent toegepas word, is dit belangrik dat die dissiplinêre program op 'n doeltreffende wyse bestuur sal word.
- 1.6 Die voorkoms, hantering en afhandeling van insidente behoort op so 'n wyse te geskied dat die maksimum effek daardeur verkry word, sonder om die klasonderwyser so te belas deur die administratiewe hantering daarvan, dat die normale klaskamerpraktyk in die proses skipbreuk ly.

- 1.7 Onderwysers mag nie in die toekoms teen 'n leerling onredelik diskrimineer as gevolg van oortredinge in die verlede nie.
- 1.8 Dit is van deurslaggewende belang dat die beleid sal dien as riglyne vir aanvaarbare gedrag en optrede.
- 1.10 Hierdie beleid moet aan elke kind, ouer, afrigter, onderwyser, beheerligaamlid en enige ander personeel lede soos nodig bekend wees.
- 1.11 Die beleid kan jaarliks hersien en indien nodig, aangepas word.

## 2. DOELSTELLINGS

- 2.1. Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale ontwikkeling van sy of haar besondere vermoëns, talente en eienskappe deur die vestiging van gesonde leerkultuur binne 'n geborge en veilige skool omgewing.
- 2.2. Om met die klem op algemene Christelike gebruike, norme en standaarde, opvoedkundige doelwitte soos pligsbesef en verantwoordelikheid en die verwerwing van 'n positiewe selfbeeld binne bereik van elke leerder te plaas.
- 2.3. Om die beginsel van wedersydse respek, verdraagsaamheid en harmonie by leerders te vestig.
- 2.4. Om die leerders tot verantwoordelike en selfstandige besluitneming te lei.

## 3. SKOOL EN KLOKTYE

- 3.1. Leerders sal ten alle tyde die klokreëls nakom soos deur die skool bepaal van tyd tot tyd.
- 3.2. Leerders moet 7:15 by skool wees .
- 3.3. Skool begin om 7:30.
- 3.4. Maandae to Donderdae:
  - 3.4.1. Junior fase Gr1-2 verdaag 12:30
  - 3.4.2. Junior fase Gr3 verdaag 13:20
  - 3.4.3. Senior fase Gr4-7 verdaag 13:55
- 3.5. Vrydae:
  - 3.5.1. Junior fase Gr1-2 verdaag 12:30
  - 3.5.2. Gr 3-7 verdaag 13:10

## 4. KLAS EN SKOOL ReëLS

- 4.1 Die volledige stel klas- en skoolreëls is aangeheg as 'n bylae tot hierdie beleid (Aanhegsel A). Enige verwysing na reëls, klas- of skoolreëls in die beleid sal verwys na die aangehegde bylae, en na geen ander stel reëls nie.
- 4.2 Daar moet ten alle tye opgelet word om die reëls van die skool na-tevolg. Oortredings wat die skool se beeld op en vanaf die skoolterrein kan beskadig sal ernstig gehanteer word. Dus moet leerders bewus wees dat 'n oortreding van die gedragskode VANAF die skoolterrein in skouldrag dieselfde dissiplinêre stappe en gevolge sal dra as die oortreding daarvan OP die skoolterrein.

## 5. PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE BELEID: FONDASIEFASE GRAAD 1-3

### 5.1. KLASBELEID

- 5.1.1. Die klasreëls is riglyne wat opgestel is om aanvaarbare gedrag, 'n positiewe leeromgewing en dissipline in die daaglikse klaskamer roetine te kan toepas.
- 5.1.2. Dit is belangrik dat die klasreëls deur die onderwyser aan elke leerder (bekend gestel word) aan die begin van elke jaar, en die leerders moet ook deurlopend daarop attent gemaak word.
- 5.1.3. Onderwysers mag nie in die toekoms teen 'n leerder diskrimineer a.g.v. 'n oortreding in die verlede nie.

### 5.2. PRAKTIESE TOEPASSING:

#### 5.2.1. Sterre kleurkaart:

- a) Teen elke klas se muur verskyn 'n sterrekleurkaart.
- b) Elke kaart bestaan uit 5 gekleurde kolomme en 1 swart kolom langs elke leerder se naam.
- c) Elke leerder begin aan die begin van die week met 'n duimdrukker in die eerste kolom. Gedurende die week verskuif die duimdrukker na die volgende kolom, afhangende van die leerder se gedrag/oortreding van die reëls.
- d) Indien die duimdrukker geskuif het, kan dit weer na die positiewe ry teruggeskuif word sodra die leerder se gedrag verbeter.
- e) Aan die einde van die week (Vrydag) ontvang die leerder, wie se duimdrukker in die eerste kolom gebly het, 'n ster. Ekstra sterre kan ook toegeken word vir addisionele goeie gedrag.
- f) Indien die duimdrukker gedurende die week tot by die swart kolom geskuif het, ontvang die leerder 'n swart kol.
- g) Swart kolle word aan die begin van elke kwartaal gekanselleer.

#### 5.2.2. Gedragsboek:

- a) Alle negatiewe gedrag word ook in die gedragsboek aangeteken.
- b) Ouers moet geskakel word indien die leerder se gedrag problematies is.

#### 5.2.3. Belonings:

- a) 10 Sterre op die sterrekaart ontvang die leerder 'n Sertifikaat vir Goeie Gedrag.
- b) 20 Sterre ontvang die leerder 'n Sertifikaat vir Volgehoue Goeie Gedrag.
- c) 30 Sterre ontvang hy 'n Gerriewapen.
- d) Na 40 sterre mag die leerder op 'n Maandag siwwies dra en ouers sal skriftelik in kennis gestel word.

5.2.4. Die onderstaande lys met oortredings sal voor in u kind se tuiswerkboek of blaailêer wees. Kyk asseblief elke dag getrou daarna wanneer u die dag se tuiswerk kontroleer en teken.

5.2.5. Teken asseblief indien daar 'n datum by die oortredings ingeskryf is. U sal sodoende op hoogte gehou word van daaglikse oortredings (indien daar enige is). Sien Aanhangel B

### 5.3. OORTREDINGE

- 5.3.1. Enige oortredings van die klas-of skoolreëls, soos vervat in die aangehegde bylae, sal as oortreding van daardie reëls geag word.

- 5.3.2. Na 10 oortredings of 5 van dieselfde oortredings , of 'n swarkol ontvang is, sal die onderwyser saam met die departementshoof 'n onderhoud met die ouers/voogde voer en die oortredings word bespreek.
- 5.3.3. Na nog 10 (totaal van 20) oortredings of enige swartkolle word die ouers geskakel vir 'n onderhoud met die skoolhoof en klasonderwyser.
- 5.3.4. Enige kategorie 3 oortreding soos vervat in die seniorfasebeleid sal ooreenstemmend gehanteer word.

## **6. PRAKTIESE TOEPASSING VAN VAN DIE BELEID: INTERMEDIËRE EN SENIOR PRIMÊRE FASE**

### 6.1. KLASBELEID

- 6.1.1. Die klasreëls is riglyne wat opgestel is om aanvaarbare gedrag, 'n positiewe leeromgewing en dissipline in die daaglikse klaskamer roetine te kan toepas.
- 6.1.2. Dit is belangrik dat die klasreëls deur die onderwyser aan elke leerder (bekend gestel word) aan die begin van elke jaar, en die leerders moet ook deurlopend daarop attent gemaak word.
- 6.1.3. Onderwysers mag nie in die toekoms teen 'n leerder diskrimineer a.g.v. 'n oortreding in die verlede nie.

### 6.2. OORTREDINGS

- 6.2.1. Alle klas- en skoolreëls is geklasifiseer in verskillende kategorieë.
- 6.2.2. Oortredings sal vervolgens die nodige strafpunte toegeken word.

### 6.3. PRAKTIESE TOEPASSING

- 6.3.1. Alle onderwysers sal onmiddellik optree teenoor enige oortredings en die nodige strafpunte aanteken.
- 6.3.2. Alle kategorie 3 oortredings – ouers word onmiddellik ingeroep en kan lei tot 'n dissiplinêre verhoor, of opgeskorte skoolbywoning
- 6.3.3. Departementele riglyne sal van toepassing wees tydens opgeskorte skooltyd.
- 6.3.4. BELONINGS: Indien leerders teen die einde van die tweede kwartaal geen oortredings gehad het, of strafpunte teen hulle het nie, ontvang die ouers 'n positiewe brief, wat hul in kennis stel van hulle kind se uitmuntende gedrag. Aanhangsel B

### 6.4. SWAK GEDRAG:

- 6.4.1. Gedragskaarte word saamgebind in boekvorm.
- 6.4.2. Die boekvorm word tydens klaswisseling gesirkuleer na die volgende klas. Onderwysers teken alle besonderhede van gedragsoortreding aan op die gedragskaart.
- 6.4.3. Leerkragte moet die boekvorm nagaan en tydens Vrydagoggend se Fase-vergadering leerders met oortredings rapporteer.

- 6.4.4. Indien klagtes 'n tendens vorm, moet ouers per telefoon / skriftelik in kennis gestel word en 'n afspraak gereël word.
- 6.4.5. Indien daar geen reaksie of verbetering in die gedrag van die leerder is nie, word 'n afspraak met die ouers gereël, met die waarskuwing dat die oortredings kan lei tot suspensie of 'n dissiplinêre verhoor.
- 6.4.6. Leerlinge kan na die Departementshoof verwys word vir informele kennisgewing aan ouers rakend onvanpaste gedrag of oortredings. 'n Skriftelike kennisgewing sal dan aan die ouers gegee word om samewerking te vra.

## 6.5. PUNTE TOEKENNING

### 6.5.1. KATEGORIE 1 OORTREDINGS - 2 PUNTE

- a) **AKADEMIESE OORTREDINGS**
  - (i) Boeke tuis/nie oorgetrek nie
  - (ii) Doen nie verbetering nie
  - (iii) Huiswerk nie gedoen nie
  - (iv) Media boeke laat
  - (v) LB klere vergeet
  - (vi) Toetse nie geteken nie
  - (vii) Opdragte word laat ingehandig
  - (viii) Aanhoudende slordige werk
  - (ix) Tuiswerkvel/ boeke nie geteken nie
  - (x) Boeke nie by die skool nie
- b) **GEDRAGSOORTREDINGS**
  - (i) Eet/drink in die klas/rye sonder toestemming
  - (ii) Geen afwesigheidsbrief
  - (iii) In besit of hanteer van speelgoed in klastyd
  - (iv) Laat vir klas
  - (v) Skooldrag/voorkoms nie volgens gedragskode nie
  - (vi) Versuim om aan te tree
  - (vii) Versuim om skeurstrokie van briewe terug te bring

### 6.5.2. KATEGORIE 2 OORTREDINGS – 4 PUNTE

- a) **AKADEMIESE OORTREDINGS**
  - (i) Leen huiswerk uit vir afskryf
  - (ii) Skryf huiswerk af van ander
  - (iii) Opdragte word nie ontvang nie
  - (iv) Verlore boeke/ skooleiendom
  - (v) Ignoreer opdragte
  - (vi) Ontwrigtend in die klas
  - (vii) Jok/ oneerlikheid
  - (viii) Briewe nie geteken nie
- b) **GEDRAGSOORTREDINGS**
  - (i) Afwesig van klas sonder toestemming
  - (ii) Bly sonder verskoning weg van buitemuurs
  - (iii) Onfatsoenlike fisiese kontak
  - (iv) Hantering van selfoon of enige ander verbode toestelle
  - (v) Kwetsende aanmerkings/knou ander leerders af insluitend aanhitsery/ opstokery

- (vi) Pligsversuim deur leerlingraad
- (vii) Steek eiendom weg
- (viii) Swak taalgebruik/ vloek
- (ix) Strooi rommel op terrein/klas
- (x) Teenwoordig op verbode terrein
- (xi) Skooltas met slagspreuke en plakkers
- (xii) Voor of ná skool, of gedurende klaswisseling, voor of ná skool op die stoepe hardloop nie
- (xiii) Speel / raas in die toilet
- (xiv) Leerders moet te alle tye beleefd optree
- (xv) Leerders mag slegs goedgekeurde skooldrag gedurende skooltyd dra
- (xvi) Die leerders mag glad nie voor skool en tydens pouses hul skoene uittrek om op die veld te speel nie.
- (xvii) Enige vorm van kougom is ontoelaatbaar
- (xviii) Kultusse word nie toegelaat nie
- (xix) Enige gedrag wat die skool se beeld nadelig beïnvloed nie
- (xx) Misbruik van water
- (xxi) Alle skoolklere, tasse en persoonlike eiendom moet duidelik gemerk wees
- (xxii) Geen leerder mag op die skoolterrein fietse ry nie
- (xxiii) Leerders mag nie in bome op die terrein òf op enige konstruksie òf dakke klim nie
- (xxiv) Plante mag nie beskadig word nie

### 6.5.3. KATEGORIE 3 OORTREDINGS

- a) Ouers word onmiddellik ingeroep en kan lei tot 'n dissiplinêre verhoor, of opgeskorte skoolbywoning.
- b) Nadat die nodige waarskuwings aan die leerders uitgereik is, en/of die Hoof van mening is dat 'n leerder se gedrag moontlik die van ander leerders in gevaar stel, of bedgreig of negatief beïnvloed, of vir enige ander rede wat deur die Hoof noodsaaklik geag word, sal die Hoof die Voorsitter van die Beheerliggaam inlig, wat daarna so spoedig moontlik 'n vergadering van die Dissiplinêretribunaal (DT) sal belê.
- c) Die opstapel van 50 punte in kategorie 1 of 2 oortredings sal outomaties hanteer word as 'n kategorie 3 oortreding.
- d) **AKADEMIESE OORTREDINGS**
  - (i) Oneerlik in toetse of eksamens
- e) **GEDRAGSOORTREDINGS**
  - (i) Rassistiese aanmerkings
  - (ii) Geen leerder mag die skoolterrein sonder die Hoof se toestemming verlaat nie
  - (iii) Afwesig van skool sonder toestemming of rede (stokkiesdraai)
  - (iv) Bedrog (vervalsing van handtekening/skryf brief namens iemand)
  - (v) Uitdaging van gesag veral teenoor personeel. Disrespekvol teenoor prefekte maats.
  - (vi) Baklei/afknouery OF gedrag wat aanleiding gee tot baklei/afknouery (aanhitsery/opstokery)
  - (vii) Geboeliery/ dreig/ intimidasie
  - (viii) Besit of gebruik van tabak/ alkohol/dwelms/vuurwapens of ander gevaarlike wapens/verbode leesstof (besit in hierdie geval sluit ook in die bedoeling om te gebruik, dreig om te gebruik, versprei of net te oorhandig)
  - (ix) Diefstal
  - (x) Onder die invloed van alkohol of dwelms op skoolterrein
  - (xi) Seksuele wangedrag. In besit van pornografiese materiaal of teken van sketse van seksuele aard. (besit in hierdie geval sluit ook in die

- bedoeling om te versprei of net te oorhandig)
- (xii) Vandalisme/ beskadiging/vernielsugtigheid van skool eiendom OF 'n medepligtige (verantwoordelik vir finansiële implikasies)

(f) **DISSIPLINÊRE STAPPE**

**DETENSIE:**

**10 PUNTE**

- Brief word aan ouers gestuur en moet deur die ouer onderteken word.
- Indien die brief nie die volgende dag terugkom skool toe nie, word die ouers geskakel.
- Detensie vind plaas.
- Ouers ontvang 'n brief waardeur hulle in kennis gestel word daarvan. Dit moet deur die ouers onderteken word en die volgende dag aan die skool terug besorg word.

**30 PUNTE**

- Ouers word geskakel en ingeroep vir 'n onderhoud, sodat onderwysers, ouers en leerders saam kan werk om die tendens van wangedrag stop te sit.
- Eerste waarskuwingsbrief word tydens die onderhoud deur die betrokke ouer, leerder en die hoof onderteken.
- Na 'n detensie begin die leerder weer om strafpunte op te bou. Die proses word dan herhaal.
- Derde detensie sal plaasvind tesame met die waarskuwingsbrief op 'n Vrydag vanaf 13:20 – 16:20.

**DETENSIEBELEID:**

- Detensie sal Maandae tot Vrydae gedurende pouse plaasvind.
- Leerders moet stiptelik aanmeld.
- Tydens detensie sal die skoolreëls onder andere uitgeskryf word.
- Leerders word 5 minute voor die einde van pouse verdaag om te eet en die kleedkamer te besoek.
- Die leerder sal die geleentheid gegun word om toilet toe te gaan, maar mag nie tydens detensie gesels, musiek luister of eet nie.
- Na 'n ernstige/herhaaldelike gedragsafwyking/s stel die leerder hom bloot om dissiplinêr verhoor te word.
- Ongeag detensie, bly alle strafpunte vir die volle skooljaar van krag en sal met die aanvang van die nuwe skooljaar eers verval.

## **7. DISSIPLINÊRETRIBUNAAL EN PROSES** Dissiplinêretribunaal

- 7.1.1. 'n Disiplinêretribunaal sal bestaan uit die Skoolhoof, Departementshoof en 2 lede van die Beheerliggaam.
- 7.1.2. Die Beheerliggaam mag twee (2) van sy nie-personeellede aanwys om op 'n dissiplinêre tribunaal (DT) te dien. Een van die 2 nie-personeellede van die DT sal die BL Voorsitter wees
- 7.1.3. Die BL Voorsitter is ook die voorsitter van die DT, tensy omstandighede 'n ander Voorsitter vereis. In so 'n geval sal die DT 'n Voorsitter kies.

- 7.1.4. Die Voorsitter van die Beheerliggaam sal die mag hê om enige ander lid van die Beheerliggaam aan te wys om op die DT te dien in die afwesigheid van enige van die 2 nie-personeellede.
- 7.1.5. 'n Kworum van die DT sal uit 50% van die lede teenwoordig wees. Die Voorsitter moet teenwoordig wees.
- 7.1.6. 'n Besluit van die DT sal geskied deur konsensus, en indien geen konsensus bereik kan word nie, sal die Voorsitter se beslissing geld.
- 7.1.7. Die DT sal verslag doen aan die Beheerliggaam van al sy vergaderings waarin besonderhede uiteengesit word van die oortredings en strawwe wat voorgestel word.
- 7.1.8. Die verrigtinge by enige DT sal vertroulik wees.

## 7.2. Dissiplinêreproses

- 7.2.1. Wanneer dit noodsaaklik geag word vir 'n DT, sal die Voorsitter van die DT ingelig word, en so spoedig moontlik 'n vergadering van die DT belê.
- 7.2.2. Die Voorsitter van die DT sal so spoedig as moontlik nadat 'n datum, tyd en plek van die vergadering bepaal en sal die volgende proses volg.
- 7.2.3. Die leerder en sy/haar ouers by wyse van 'n geskrewe kennisgewing van die detail van die aanklag asook die datum, tyd en plek van die vergadering van die DT in kennis stel word.
- 7.2.4. Die kennisgewing sal ten minste vyf (5) kalender dae tyd aan die leerder gee, tensy die leerder of sy ouers afstand doen van sodanige kennisgewing.
- 7.2.5. Die kennisgewing aan die ouers sal ook uiteensit dat hulle die reg het om teenwoordig te wees by die vergadering. Afskrifte van alle dokumente of verklarings in die besit van die DT wat verband hou met die aanklagte, sal aan die ouers beskikbaar gemaak word. Alle dokumentasie in hierdie verband is steeds streng vertroulik, en moet so gehanteer word deur alle partye teenwoordig.
- 7.2.6. Die name van informante of ander getuies mag weerhou word.
- 7.2.7. Die kennisgewing sal ook die leerder en sy/haar ouer waarsku teen die moontlike uitsprake wat die DT mag neem, en dit sluit die volgende in:
  - a) die leerder 'n/ finale waarskuwing gee;
  - b) die leerder tereg wys;
  - c) die leerder ontnem/tydelik ontnem van een of meer van die voorregte wat die leerder by die skool geniet
  - d) of die ontneming of tydelike opskorting van enige eerbetoning soos prefekskap, erekleure of enige ander simbole wat deur die skool toegeken word/ toegeken is;
  - e) die leerder se skoolbywoning opskort vir 'n tydperk wat nie vyf dae mag oorskry nie;
  - f) 'n aanbeveling dat, in afwagting van 'n besluit deur die Departement van Onderwys, die leerder permanent uit die skool gesit moet word, na skuldigbevinding aan wangedrag.



- 7.2.8. Enige van die strawwe genoem hierbo, mag opgeskort word vir so 'n periode en op sulke voorwaardes as wat die DT mag goedvind.
- 7.2.9. Die kennisgewing sal ook die leerder en sy/haar ouer(s)/ voog/de inlig oor hulle reg om getuienis aan die DT voor te lê en om verhoë te rig waarom die leerder nie die bepaalde straf moet uitdien/ of permanent uit die skool gesit moet word nie.
- 7.2.10. Behalwe in uitsonderlike omstandighede, welke omstandighede bepaal sal word deur die DT in sy uitsluitlike diskresie, sal geen regsverteenvoording by die vergadering toegelaat word nie. Die leerder mag egter deur sy ouers of ander persone, uitsluitend 'n regsverteenvoordiger, wat deur hom genomineer word, sou sy ouers afwesig wees, bygestaan word.
- 7.2.11. Die Hoof of enige ander lid van die skool se personeel wat genomineer word, sal as die pro forma aanklaer optree en sal die aanklag aan die leerder en sy ouers en/of ander verteenwoordigers stel en sal hom/haar/hulle versoek word om daarop te reageer.
- 7.2.12. Indien dit blyk uit die antwoord dat daar geen feitegeskille is nie of indien die pro forma aanklaer die weergawe van die gebeure soos uiteengesit deur die leerder aanvaar, dan sal die DT optree op gemelde feite wat nie in dispuut is nie of op die aanvaarde feite sonder enige verdere bewys daarvan.
- 7.2.13. Indien daar feite-dispute is, sal die DT vasstel watter feite deur die leerder en/of sy ouers en/of sy voog of ander verteenwoordiger nie in geskil geplaas word nie en kan dit as bewyse aanvaar word. Die onus om die feite wat in geskil is te bewys, sal op die pro forma aanklaer rus en hy sal die getuienis van sodanige getuies wat hy/sy nodig ag of enige ander getuienis wat hy/sy tot sy beskikking het, aanbied.
- 7.2.14. By 'n vergadering van die DT, kragtens hierdie gedragskode, sal dit nie noodsaaklik wees dat enige inligting wat teen of ten gunste van die leerder gebring word by wyse van mondelinge getuienis geskied nie en die DT het die uitsluitlike diskresie om enige dokument as bewys van die inhoud daarvan teen of in die guns van die leerder toe te laat en te aanvaar. Indien die pro forma aanklaer egter mondelinge getuienis wil aanbied, sal sodanige getuienis self aanbied en die leerder en/of sy ouers en/of voog en/of ander verteenwoordiger sal die reg hê om vrae aan die getuie te stel. Alhoewel beide ouers en/of voogde van die leerder toegelaat word by die vergaderings, sal slegs een van hulle die reg hê om aan die verrigting deel te neem.
- 7.2.15. Enige dokument wat toegelaat word soos hierbo na verwys, sal by blote voorlegging deur die pro forma aanklaer of die leerder of sy ouers en/of voogde as bewys daarvan geld. Die teenpartye sal die reg hê om die dokument wat aldus ingedien word as getuienis te inspekteer en sal ook die reg hê om die inhoud daarvan te weerlê. Waar 'n dokument by blote voorlegging daarvan as getuienis voor die DT toegelaat word, lees die pro forma aanklaer die dokument in die vergadering uit tensy die leerder en/of ouers en/of voogde en/of ander verteenwoordigers in besit van 'n afskrif van bedoelde dokument is of daarvan afsien dat dit uitgelees word. Die DT sal die bewyswaarde van die dokument bepaal.
- 7.2.16. Nadat die pro forma aanklaer die getuienis aangebied het, sal die leerder die reg hê om self getuienis af te lê en/of getuies te roep en/of dokumente aan die DT voor te lê. Nadat al die getuienis aangevoer is, sal die pro forma aanklaer die DT toespreek en daarna kan die leerder en/of die se ouers en/of voogde en/of verteenwoordiger die DT toespreek.

- 7.2.17. Die leerder moet die verrigtinge bywoon, maar indien die ouers en/of voogde en/of ander verteenwoordigers afwesig is, nadat behoorlike kennisgewing geskied het in terme van hierdie gedragskode, kan die DT die verrigtinge voortsit in hulle afwesigheid, maar moet enige skriftelike verstoë namens die leerder gemaak of enige ander feit of faktor wat in guns van die leerder mag wees in aanmerking geneem word.
- 7.2.18. Na alle getuienis aangehoor is, sal die DT vergader in afwesigheid van die klaer (en verteenwoordigers) en aanklaer (en verteenwoordigers) om te die saak te bespreek en tot gevolg te kom en 'n gepaste staf op te lê.
- 7.2.19. Wanneer die DT 'n straf oplê, sal die Voorsitter van die DT die leerder en sy ouers inlig, rakende die volgende datum wanneer die Beheerliggaam sal vergader en sal die leerder en sy ouers ingelig word sodat hulle die reg het om skriftelik verstoë aan die Beheerliggaam in dié verband te rig. Behalwe die reg tot skriftelike verstoë, sal die leerder en/of die ouers en/of ander verteenwoordigers geen reg van verskyning by die vergadering van die Beheerliggaam hê nie.
- 7.2.20. Die Beheerliggaam, na oorweging van die verstoë, se besluit is finaal, en die leerder en die ouers sal skriftelik inlig word.
- 7.2.21. Die Beheerliggaam sal die reg hê om die besluit van die DT tersyde te stel of te wysig, maar sal nie die reg hê om enige straf deur die DT opgelê, te verswaar nie.
- 7.2.22. Permanente uitsetting uit die skool moet slegs oorweeg word nadat alle pogings aangewend is om die gedrag van die leerder te verbeter.

## **8. VOORGESKREWE SKOOLDRAG**

### **8.1. SKOOLDRAG: SOMERSDRAG**

#### **8.1.1. DOGTERS:**

- a) Maroen en wit geruite rok
- b) Kort wit sokkies (somer)
- c) Vlootblou V-hals trui
- d) Skoolsweetpakbaadjie
- e) Swart skoolskoene

#### **8.1.2. SEUNS:**

- a) Grys kortbroek
- b) Wit kortmouhemp met wapen op sak (koop wapen apart)
- c) Lang grys kouse met maroen en wit strepe
- d) Vlootblou V-hals trui
- e) Skoolsweetpakbaadjie
- f) Swart toeryg skoene

### **8.2. SKOOLDRAG: WINTERSDRAG**

#### **8.2.1. DOGTERS:**

##### **OPSIE (A)**

- a) Maroen en wit geruite skoolrok
- b) Lang grys kouse met maroen en wit strepe
- c) Vlootblou V-Nek trui
- d) Skoolsweetpakbaadjie
- e) Swart skoolskoene

OPSIE (B)

- f) Skoolsweetpak (broek en baadjie)
- g) Kortmou Gerrie- sporthemp met kraag en wapen
- h) Vlootblou V-hals trui
- i) Lang grys kouse met maroen en wit strepe
- j) Swart skoolskoene

8.2.2. **SEUNS:**

OPSIE (A)

- a) Grys langbroek
- b) Lang grys kouse met maroen en wit strepe
- c) Langmou wit hemp (met wapen)
- d) Vlootblou V-Nek trui of Skoolsweetpakbaadjie
- e) **Gerries sporthemp mag nie saam met langgrysbroek gedra word nie**

OPSIE (B)

- f) Skoolsweetpak (broek en baadjie)
- g) Kortmou Gerrie sporthemp met kraag en wapen
- h) Vlootblou V-hals trui
- i) Lang grys kouse
- j) Swart skoolskoene

8.3. **SPORTDRAG VIR WEDSTRYDE**

8.3.1. Wedstryde of Byeenkomste;

- a) Die korrekte voorgeskrewe sportdrag is verpligtend vir alle wedstryde.
- b) Deelnemers moet in skoolsweetpakke opdaag vir wedstryde of in die voorgeskrewe drag.

8.3.2. **DOGTERS:**

- a) Gert Maritz Sportbroek en Gert Maritz Sport hemp vir alle sport.
- b) Hokkie: Maroen rugbykouse met wit strepe.
- c) Netbal: Kort wit kouse met tekkies
- d) Swem: Swart swembroek (Eenstuk)

8.3.3. **SEUNS:**

- a) Gert Maritz sportbroek en Gert Maritz Sport hemp vir alle sport, behalwe Rugby en Krieket
- b) Rugby: Rugbytrui en vlootblou kortbroek
- c) Maroen rugbykouse met wit strepe en stewels (Ope A)
- d) Swem: Swart swembroek (Speedo) / Gert Maritz sportbroek
- e) Krieket: Voorgeskrewe krieketklere
- f) Kriekethemp, broek en hoed (word deur die skool voorsien)  
wit lang krieketkouse (slegs van sekere grade)

8.3.4. Die Eerstespanne;

- a) Die WEDSTRYD-DRAG (drag vir opdaag en speel) mag hulle onderskei van die ander spanne.
- b) Nieteenstaande, sal die ontwerp en gebruik van sulke drag eers deur die beheerliggaam goedgekeur word voor gebruik.

8.3.5.

## 8.4. SPORTDRAG VIR OEFENINGE

- 8.4.1. Voorgeskrewe/goedgekeurde oefendrag moet ten alle tye gedra word.
- 8.4.2. Alle sportdrag en/of privaat toerusting moet gemerk wees.
- 8.4.3. Geen juweliersware word tydens sportoefeninge of wedstryde gedra nie.
- 8.4.4. Tydens sportoefeninge is dit ook van belang dat leerders korrek geklee is.
- a) **Rugby:** Swart of wit T-hemp; Kortbroek (donkerblou/ wit)
  - b) **Hokkie:** Sport kortbroek: swart, wit, donkerblou; Gerrie sporthemp of vlootblou T-hemp of wit T-hemp.
  - c) **Netbal:** Sport kortbroekie: swart, wit, donkerblou; Gerrie Golfsporthemp/vlootblou T-hemp/Wit T-hemp, tekkies
  - d) **Swem:** Swart speedo/" tight" vir seuns en eenstuk vir dogters; Sweetpak of Gert Maritz sportbroek met Gerrie sporthemp; Gewone handdoek (Gert Maritz handdoek vir )galas
  - e) **Atletiek:** Gerrie Golfsporthemp, vlootblou T-hemp, wit T-hemp met Gert Maritz sportbroek
  - f) **Tennis:**  
**Seuns:** Gerrie Golfsporthemp, vlootblou T-hemp, wit T-hemp, wit kortbroek, tekkies met wit kouse  
**Dogters:** Gerrie Golfsporthemp, vlootblou T-hemp, wit T-hemp, tekkies met wit kouse
  - g) **Krieket:** Gerrie sporthemp en broek. Tekkies en kouse.
  - h) Alternatiewe oefendrag vir eerstespanne mag slegs met die goedkeuring van die beheerliggaam gebruik word.

## 8.5. ALGEMEEN

- 8.5.1. Geen plakkies mag saam met sportdrag gedra word nie.
- 8.5.2. Leerders wat skoolsportgeleenthede as toeskouers bywoon, moet in skool- of sportdrag geklee wees, eerstespanne ingesluit.
- 8.5.3. Eerstespanne mag egter op dae wat hulle self wedstryde speel, in eerstespanndrag die spanne ondersteun.

## 8.6. GEBORGDE KLERE

- 8.6.1. Geborgde klere is nie skooldrag nie.
- 8.6.2. Enige ontwerpe wat val buite die bogenoemde riglyne sal eers deur die beheerliggaam goedgekeur word voor gebruik. (VERWYS OOK NA SPORTBELEID)

## **9. SIWWIEDAE**

- 9.1. Geen onwelvoeglike kort -broeke, rompe of bloesies
- 9.2. Geen grimering of naellak
- 9.3. Hare mag los wees.

## **10. STUDIE EN SKOOLWERK**

- 10.1. Leerders moet hulself daartoe verbind om skoolwerk gedurende klasse te doen, om tuiswerk wat aan hulle opgedra word, te voltooi en werk op te vang wat as gevolg van afwesigheid misgeloop is.

## **11. VEILIGHEID EN VERSORGING VAN SKOOLEIENDOM**

- 11.1. Aangesien die Skool daar is vir die gebruik van al die leerders wat die Skool bywoon, is dit die voorreg en verpligting van elke leerder om al die geriewe en toerusting skoon en netjies te laat, te beskerm en versigtig te gebruik sodat andere wat na hulle kom ook die voorreg kan geniet. Die ouer of wettige voog van enige een wat opsetlik enige skoleiendom misbruik, beskadig of ontsier, moet dit vervang of betaal vir die eiendom wat beskadig is. Dit is 'n strafbare oortreding.

## **12. SKOOLBYWONING**

- 12.1. Die reg van leerders tot basiese onderwys plaas op hulle die verpligting van gereelde skoolbywoning gedurende skoolure. Indien 'n leerder afwesig is, moet sy/haar ouer of wettige voog die skool in kennis stel om die afwesigheid te verduidelik.

## **13. AANTREDE WANNEER DIE KLOK LUI**

- 13.1. Leerders tree voor hulle registerklasse aan met die aanvang van die skooldag (eerste kloklui)
- 13.2. Na pouses:
  - 13.2.1. Junior Fase tree op die stoep voor die Media ingang aan.
  - 13.2.2. Senior Fase leerders tree aan op agterste teerblad in graadverband.
- 13.3. Tydens aantreding nadat die klok gelui het, is alle leerders stil en sodra die onderwyser aan diens die teken gee, beweeg die leerders in graadverband na die klaskamer waar hulle moet wees.

## **14. AANTREDE BY DIE SAAL**

- 14.1. Tydens die aantree vir saalgeleenthede, beweeg die leerders flink na die saal.
- 14.2. Daar heers stilte wanneer die leerders die saal binnestap.
- 14.3. Die leerders gedra hulle eerbiedig tydens die verrigtinge in die saal.

## **15. AANDEEL IN DIE OPBOU EN INSTANDHOUDING VAN DIE TERREIN**

- 15.1. Elke mens behoort trots te wees op die netheid van sy omgewing. So word daar dan van elke leerder verwag om trots te wees op die skoolomgewing : die terrein, die geboue, sportvelde en tuine. Dit is die verantwoordelikheid van almal by die skool, insluitend elke leerder, om hierdie terrein in stand te hou en te bevorder.

## **16. AFKONDIGINGS**

- 16.1. Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word, moet alle leerders stil wees en luister.

## **17. REGISTERSESSIE**

- 17.1. Register SESSIE is die eerste 15 minute van die dag. (7:30 – 7:45)

## **18. AFWESIGHEID**

- 18.1. Leerders mag slegs weens siekte of 'n ander geldige rede van die skool afwesig wees.
- 18.2. 'n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy weer die skool besoek, 'n brief aan sy ouers bring waar 'n rede vir die afwesigheid aangedui word.
- 18.3. Die brief moet in die registersessie aan die betrokke klasonderwyser oorhandig word. In sekere gevalle kan die Skoolhoof 'n doktersertifikaat aanvra.
- 18.4. Gedurende skoolure word dringende verlof deur die Skoolhoof of departementshoofde toegestaan, bv. in die geval van ernstige siekte, dood, begrafnis, besoek aan spesialis, ens.
- 18.5. Leerders wat afwesig is tydens 'n toets, sal die toets so spoedig moontlik aflê, of soos bepaal deur die onderwyser.
- 18.6. Ongereelde skoolbesoek belemmer die leerder in sy vordering en lei tot laksheid, gebrek aan belangstelling en uiteindelik tot onkunde en onbevoegdheid. In uiterste gevalle kan dit aanleiding gee tot 'n gesindheid van totale ongemotiveerdheid en negatiewe ingesteldheid teenoor die skool. Ongereelde skoolbesoek word volgens Departementele riglyne hanteer.

## **19. SPELETJIES**

- 19.1. Geen rowwe speletjies mag op die terrein gespeel word nie. Groter leerders mag nie onnodig inmeng in die spel van jonger leerders of hulle pla nie.
- 19.2. Geen balspeletjies mag onderdak, in deurlope, teerblaaië of parkeerterreine gespeel word nie. Geen balspele mag naby mure en vensters plaasvind nie, omdat dit merke teen die mure maak.

## **20. SELFONE, MP3-SPELERS OF SOORTGELYKE APPARAAT**

- 20.1. Twee van die hoofredes waarom ons ons kinders toerus met selfone is om kontak met ons kinders te behou en vir noodgevälle. Ongelukkig is 'n selfoon/Ipod/MP3 'n instrument wat ook misbruik kan word en is dit ook somtyds die geval by Gert Maritz.

- 20.2. Daar word gereeld klagtes ontvang oor die misbruik van selfone/lpods/MP3 deur kinders tydens die gee van lesse. U sal aanvaar dat hierdie optrede tot nadeel van al die kinders in daardie klas strek en het hierdie probleem nou afmetings aangeneem wat uitroep vir drastiese optrede.
- 20.3. Dit is om hierdie rede dat die Beheerliggaam 'n selfoon/lpod/MP3 beleid ingestel het wat streng gehandhaaf moet word in die toekoms. Die onderwysers is opdrag gegee om sorg te dra dat hierdie selfoon/lpod/MP3 beleid aan die kinders voorgelê word, maar doen ons ook 'n beroep op u as ouer om weereens hierdie aspek met u kind op te neem en uit te klaar.
- 20.4. Geen selfone/lpod/MP3 mag aangesit word vanaf begin van skooltyd tot sluitendyd nie. (Indien 'n kind u as ouer deur die dag moet kontak, moet hy/sy die skool sekretaresse nader).
- 20.5. Geen kind mag u as ouer tydens pouses kontak van die selfoon af nie. Weereens kan kontak bewerkstellig word deur die administrasie kantore.
- 20.6. Indien 'n selfoon/lpod/MP3 gebruik word deur die dag, sal gemelde selfoon/ lpod/MP3 onmiddellik gekonfiskeer word. Die selfoon/lpod/MP3 sal aan die einde van die dag aan die kind terug oorhandig word.
- 20.7. Indien 'n kind hom/haar 'n tweede keer skuldig maak aan bogenoemde, gedrag sal daardie kind belet word om 'n selfoon/lpod/MP3 skool toe te bring.
- 20.8. Indien 'n leerder vir 'n derde keer hom/haar skuldig maak aan bogenoemde gedrag, sal dissiplinêre stappe onmiddellik ingestel word, volgens die strafbodes in hierdie beleid.
- 20.9. Bogenoemde reëlins word in plek gestel om ontwrigting in klaskamers te voorkom, diefstal van selfone/lpod/MP3 uit te skakel en in besonder, vir sekuriteitsdoeleindes. Dit het al in die verlede gebeur dat 'n ouer deur 'n kind vanaf die selfoon gekontak is en word daardie kind afgehaal sonder dat die administrasie kantore in kennis gestel word. Daar kan gevolglik nie behoorlike kontrole oor die kinders uitgeoefen word nie.

## **21. BESERING EN SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE**

- 21.1. Indien 'n leerder gedurende skoolure beseer word, of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word. So 'n leerder mag slegs met die ouers se toestemming by die skool gehaal word deur iemand anders as die ouers self. Geen leerder mag self huis toe bel en sê dat hy of sy siek is nie. Slegs die sekretaresse mag sodanige oproep maak.
- 21.2. Ernstige sportbесerings word volgens die skool se sportbeleid gehanteer.

## **22. VANDALISME EN KWAADWILLIGE BESKADIGING**

- 22.1. Geen skade of kwaadwillige beskadiging van privaat eiendom of skool-eiendom word toegelaat nie. Enige voorval moet onmiddellik by die Skoolhoof gerapporteer word.
- 22.2. Die ouer of wettige voog van enige een wat opsetlik/ kwaadwillig enige skool/privaa-teiendom beskadig, moet dit vervang of betaal vir die eiendom wat beskadig is. Dit is 'n strafbare oortreding.

## **23. EET GEDURENDE KLASTYD**

- 23.1. Geen leerder mag gedurende les-ure eet sonder toestemming nie.
- 23.2. Geen kougom mag by die skool gekou word nie.
- 23.3. Die onderwyser mag alle kos/lekkers of peuselgoed konfiskeer.

## **24. ELEKTRIESE INSTALLASIES**

- 24.1. Geen leerder mag by skakelborde of elektriese installasies of toebehore peuter nie; dit sluit ligskakelaars, waaiers en die interkom in.

## **25. FIETSE**

- 25.1. Geen leerder mag op die skoolterrein met 'n fiets ry nie. Voor die ingang na die Skool moet die leerder afklim en sy fiets instoot tot by die fietsloods (of aangeduide fietsarea) van die skool. Smiddae word die fiets weer gestoot tot by die hek. Hierdie reël geld ook tydens funksies na skool.

## **26. GEDRAG IN DIE KLASKAMER**

- 26.1. Elke leerder moet bydra om orde te handhaaf sodat die regte werksklimaat geskep kan word. Leerders mag nie speelgoed, byvoorbeeld ketties, klappers, waterpistole, elektroniese speletjies, ensovoorts saambring skool toe nie.
- 26.2. Geen troeteldiere word toegelaat nie.
- 26.3. Leerders moet opvoedkundige apparaat en ander skoolieendom versigtig hanteer. Geen moedswillige beskadiging sal geduld word nie.
- 26.4. Wanneer die klok aan die einde van 'n SESSIE lui, reageer die leerders alleenlik op die bevel van die onderwyser. Leerders mag nie volgens eie wil opstaan en die klas verlaat nie.
- 26.5. Alle leerders moet gedurende register SESSIE in die registerklas aanwesig wees. Klaskamers moet altyd netjies gehou word. Geen lessenaar of stoel mag bekrap of op enige ander wyse beskadig word nie.
- 26.6. Geen "tipex" word in die skool toegelaat nie.
- 26.7. Leerders moet alle papiere en rommel optel en in die snippermandjie gooi, alvorens hulle die klas verlaat.

## **27. GEDRAG OP DIE TERREIN**

- 27.1. Leerders moet onderwysers en besoekers ten alle tye groet.
- 27.2. Leerders mag nie laks wees in hul houding, teen mure of pilare leun of met hande in die broeksakke staan nie. Leerders moet mekaar respekteer en geen gemene of vuil spel word toegelaat nie.
- 27.3. In die saal, portale, trappe en stoepe moet stilte gehandhaaf word. Hardloop, baljaar, skreeu, fluit, mekaar stamp en stoot, is verbode.

## **28. GEDRAG VAN LEERDERS TEENOOR ONDERWYSERS**

- 28.1. Onderwysers moet beskou word as leermeesters en raadgewers wat bereid is om leiding te gee. Hulle is ook die persone wat elke kind se vordering op elke terrein van die skoollewe monitor. Van leerders word dus verwag om:



- 28.1.1. Hoflik en vriendelik te wees
- 28.1.2. Onderwysers te groet
- 28.1.3. Gehoorsaam te wees
- 28.1.4. Opdragte en tuiswerk na die beste van hulle vermoë uit te voer
- 28.1.5. Ordelik op te tree en te sorg vir goeie dissipline
- 28.1.6. Lojaal teenoor die skool en onderwysers te wees; en
- 28.1.7. Nooit met minagting na die onderwysers en medeleerders verwys nie

## 29. GEDRAG VAN LEERDERS TEENoor MEDE-LEERDERS

- 29.1. Elke leerder kry die geleentheid om die senior groep van die skool te wees. Van die junior leerders word dus verwag om die senior leerders met die nodige respek en eerbied te behandel wat hulle waardig is. Dit skep goeie orde, gees en tradisie.
- 29.2. Van alle leerders word verwag om mekaar te ondersteun en aan te moedig op die verskillende terreine van die skoollewe. Leerders moet vriendelik, beleefd en verdraagsaam teenoor mekaar optree. Kwaadpraterij, afknouery, aggressiewe optrede of enige ander negatiewe en skadelike optrede sal nie geduld word nie.
- 29.3. Spanwerk moet aangemoedig word. Geen leerder mag sy maats of die skool in die steek laat nie.
- 29.4. Fisiese kontak op geen manier tussen leerders word ten strengste verbied.
- 29.5. Leerders moet mekaar berispe as hulle verkeerd doen.
- 29.6. Leerders moet altyd as goeie ambassadeurs van die skool optree.
- 29.7. Nuwe leerders moet vriendelik ontvang word.

## 30. GRIMERING

- 30.1.1. Geen grimering word toegelaat nie.

## 31. HARE

### 31.1. DOGTERS

#### EUROPESE-HAARSTYLE:

- 31.1.1. Geen ultra-moderne kapsels (nekstertjies, hoë "steps") is toelaatbaar nie.
- 31.1.2. Kuiwe moet bokant die wenkbrou wees
- 31.1.3. Hare mag nie gekleur word nie en geen haarsetmiddel is toelaatbaar nie.
- 31.1.4. Langer hare moet vasgebind word.
- 31.1.5. Maksimum van twee vlegsels of poniesterte sal toegelaat word.
- 31.1.6. Geen kaalgeskeerde kop word toegelaat nie.
- 31.1.7. Geen pruike, haarwewing of haarverlengings word toegelaat nie.

## AFRIKA-HAARSTYLE:

- 31.1.8. Hare mag nie gekleur word nie en geen haarsetmiddel is toelaatbaar nie.
- 31.1.9. Geen kaalgeskeerde kop word toegelaat nie.
- 31.1.10. Geen pruik of haarwewing (verlengstukke) word toegelaat nie.
- 31.1.11. Vlegselpatroontjies (30 – 50) vas teen kopvel word toegelaat.
- 31.1.12. Dun “dreadlocks” in vlegselpatroontjies is toelaatbaar.

### 31.2. SEUNS

- 31.2.1. ‘n Kort en netjiese haarstyl word vereis en hare mag nie die wenkbroue, ore en kraag raak nie.
- 31.2.2. Hare mag nie gekleur word nie.
- 31.2.3. Geen gel mag gebruik word nie.
- 31.2.4. Geen okkulties-geïnspireerde haarstyle of tydelike- of uitspattige modegiere word toegelaat nie
- 31.2.5. Moet netjies gekam wees

### 31.3. DOGTERS EN SEUNS

- 31.3.1. Slegs eie natuurlike hare word toegelaat.
- 31.3.2. Geen ongehoorde modekapsels word toegelaat nie.
- 31.3.3. Modekapsels wat onaanvaarbaar is, sal vroegtydig aan die leerders uitgewys word, en ouers moet onmiddellik geskakel word om die leerder te kom haal en die hare reg te maak.

## 32. TOEBEHORE VIR HARE

- 32.1. Maroen, wit en vlootblou: linte, rekkies, balletjies, pofrekkies, handdoekrekkies.
- 32.2. ‘n Wit, maroen of vlootblou “alice band”
- 32.3. Bruin, swart of silwer haarknippies
- 32.4. Bruin haarknippe; die tipe wat lang hare vasknip, mag nie 8 cm oorskry nie.

## 33. JUWELE EN VERSIERINGS

- 33.1. Geen juwele soos neus of tong ringe, ringe, armbande, hangertjies of kettings mag gedra word nie. Dit sluit in enige geloofs of tradisionele-verwante items.
- 33.2. Oorbelle: slegs goue of silwer oorbelknoppies “studs” mag gedra word.
- 33.3. Ooringetjies mag slegs ongeveer 5mm in deursneeë wees.
- 33.4. Slegs een oorbel per oor in die oorlede
- 33.5. Horlosies: slegs polshorlosies word toegelaat.
- 33.6. Slegs erkende items wat ‘n mediese toestand aandui, mag gedra word
- 33.7. Geen tattooërmerke mag sigbaar wees nie.

33.8. Indien 'n kledingstuk onder die skoolhemp gedra word, mag dit nie gekleurd of sigbaar wees nie.

#### **34. NAELS**

- 34.1. Slegs natuurlike naels word toegelaat
- 34.2. Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- 34.3. Geen naellak mag gedra word nie.

#### **35. HANDBOEKE**

35.1. Leerders moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik word met dik plastiek oortrek en oppas. As hy/sy 'n boek verloor, sal hy/sy verantwoordelik wees vir die vervangingskoste. Hierdie bedrag moet by die finansiële kantoor inbetaal word en die kwitansie moet aan die vakonderwyser oorhandig word.

#### **36. TUISWERK**

36.1. Dit is nie beperk tot skriftelike werk nie. Studie, lees-en leerwerk is net so belangrik. Geen leerder kan ooit beweer dat hy/sy geen tuiswerk het nie. Daar is daaglikse belangrike boodskappe en inligting wat vir die ouer van belang is, bv. briewe en afskeurstrokies. Alle tuiswerk moet daaglikse afgeskryf word.

#### **37. DIE OMSENDSKRYWE**

37.1. Die Omsendskrywe bevat die weeklikse nuusbriewe en ander belangrike inligting. Dit is die skool se kommunikasie-middel met die ouer en moet geteken word, die omsendskrywe sal ook op die Skool Kommunikateur geplaas word.

#### **38. TUISWERKBOEK**

38.1. Dit bevat die tuiswerk wat daaglikse afgeskryf moet word, asook enige ander inligting van belang vir die ouer. Ouers moet tuiswerkboeke daaglikse teken.

#### **39. KLASWISSELING**

39.1. Gedurende klaswisseling moet die leerders flink in ry na die volgende lokaal beweeg. Die kleedkamer mag nie besoek word nie. Hierdie wisseling moet ordelik geskied. Stap altyd links, veral by die trappe waar leerders maklik kan seerkry.

#### **40. KLEEDKAMERS**

40.1. Aanbevole versoek: "Mag ek asseblief die kamer verlaat".

- 40.2. Kleedkamer moet netjies en skoon gehou word.
- 40.3. Kos mag nie in die kleedkamers geneem word nie.
- 40.4. Geen speletjies sal geduld word nie.
- 40.5. Geen voorwerpe mag in toiletbakke en wasbakke gegooi word nie. Toiletpapier mag nie vermors word nie. Geen toebehore in die toilet mag beskadig of verwyder word nie.
- 40.6. Slegs een leerder op 'n keer uit dieselfde klas, mag die kleedkamer besoek tydens klastye, en dan slegs wanneer dit uiters nodig is.

#### **41. STIPTELIKHEID**

- 41.1. Leerders moet ten alle tye stiptelik by die klas opdaag.
- 41.2. Indien 'n leerder weens 'n grondige rede laat is, moet verskoning by die betrokke onderwyser aangebied word.
- 41.3. Leerders moet teen 07:15 by die skool wees en betyds opdaag vir skool.
- 41.4. Die aflaai van leerders in die oggend: Netbalbane by Pre-Primêre Skool Siembamba en die terrein by Cordwallesweg
- 41.5. Leerders moet betyds opdaag vir sport- en kultuurdeelname.

#### **42. EINDE VAN SKOOLDAG EN AFHAAL VAN LEERDERS NA SKOOL**

- 42.1. Graad 1 en 2 leerders word by die Netbalbane by Siembamba en langs die rivier opgelaai.
- 42.2. Graad 3 tot 7 leerders word langs die rivier opgelaai of parkeerarea by Cordwallesweg.
- 42.3. Leerders wat na 14:40 nog nie gehaal is nie, moet by Nasorg ingeskryf word.
- 42.4. Indien daar egter leerders is wat saam met hoërskoolleerders ry, wag hulle voor die skool op die paviljoene en sodra die hoërskoolklok om 14:30 lui, beweeg hulle na die terrein by Cordwallesweg.
- 42.5. Graad 3 tot 7- leerlinge wat aan sport deelneem wag op die paviljoene voor die skool. Leerders moet teen 15h15 afgehaal word, andersins moet hulle by Nasorg ingeskryf word.

#### **43. VERBODE TERREIN**

- 43.1. Motors en parkeerarea
- 43.2. Walle

- 43.3. Spruit
- 43.4. Kleuterskool
- 43.5. Hoërskoolterrein
- 43.6. Klaskamers tydens pouse
- 43.7. Personeelkamer
- 43.8. Rekenaarlokaal
- 43.9. Voorportaal
- 43.10. Mediasentrum sonder gemagtigde toesig
- 43.11. Swembad
- 43.12. Verkeerde kledkamer
- 43.13. Verkeerde oplaai-punt na skool
- 43.14. Siekekamer sonder toestemming
- 43.15. Verkeerde trap
- 43.16. Leerders word onder geen omstandighede toegelaat om by die spruit te speel nie.
- 43.17. GEEN SENIOR PRIMÊRE OUER MAG 'N LEERDER DIREK BY DIE KLASKAMERS KOM BESOEK NIE. DAAR WORD ALTYD EERS AANGEMELD BY DIE SEKRETARESSE. DIE LEERDER SAL DAN NA DIE KANTOOR GEROEP WORD.
- 43.18. Geen leerder mag die hooftrap wat na die administrasieblok lei, gebruik nie
- 43.19. Die leerders van die skool maak gebruik van die middelste trappe aan die agterkant van die skool – langs die Gr. 2 klasse.

#### **44. VERTREK NA 'N ANDER SKOOL**

- 44.1. Wanneer 'n leerder weet dat hy/sy die skool gaan verlaat, moet sodanige leerder 'n week voor die tyd by die sekretaresse aansoek doen om 'n oorplasingertifikaat.
- 44.2. Registeronderwyser moet kontroleer dat alle handboeke en mediasentrumboeke ingehandig is.

#### **45. KO-KURRIKULêRE AKTIWITEITSREëLS**

- 45.1. Dra ten alle tye die korrekte en volledige drag: skooldrag, koordrag, sportdrag.
- 45.2. Wees stiptelik
- 45.3. Respekteer die onderwyser/afrigter/persoon in bevel

- 45.4. Wees bedagsaam teenoor besoekers, opponente en maats
- 45.5. Maak verskoning by die onderwyser/afrigter/persoon in bevel indien 'n aktiwiteit/wedstryd nie bygewoon kan word nie.

## 46. NASORG

- 46.1. Leerders moet aangemoedig word om aan buitemuurse bedrywighede deel te neem.
- 46.2. Daar word elke middag een of ander sportsoort aangebied.
- 46.3. Leerders wat nie deel het aan hierdie aktiwiteite nie, moet om 13:55 by die skool afgehaal word, of na die nasorg gaan, waar behoorlik toesig gehou kan word.
- 46.4. Leerders wat by nasorg ingeskryf is dra n rooi T-hemp/sweerpakbaadjie en n blou sportbroek/sweetpakbroek

## 47. VOORKOMENDE MAATREËLS

- 47.1. Die leerders en hul ouers moet ten volle ingelig wees oor die gedragkode en die gevolge van die oortreding van reëls daarin vervat.
- 47.2. Registeronderwysers sal gereeld die skoolreëls en temas met die leerders behandel om hulle gedrag positief te probeer beïnvloed.
- 47.3. Sprekers sal waar moontlik, die leerders toespreek oor positiwiteit, asook die nadele van verslawende stowwe soos rook, dwelms en alkohol.
- 47.4. Saalbyeenkomste word aan die opbouing van die leerders se totale weerbaarheid, hulle selfbeeld en geestelike standvastigheid gewy.
- 47.5. Die Registeronderwyser moet aan die begin van elke jaar die strafpuntestelsel aan die leerders in die graad verduidelik, asook aan nuwe leerders wat by die skool inskryf.
- 47.6. In sommige gevalle is dit goed om 'n oortreder te ISOLEER. In dié geval moet die volgende voorskrifte streng gevolg word.
  - 47.6.1. Isoleer eerder die oortreder BINNE die klaskamer: laat hom / haar voor of agter sit.
  - 47.6.2. Wanneer besluit word om 'n leerder wel BUITE die klas te isoleer, moet hy / sy verkieslik die opvoeder kan sien en hoor
  - 47.6.3. Slegs EEN LEERDER mag op 'n slag buite die klas geïsoleer word.
  - 47.6.4. Geen leerder mag op grond van die vorige dag se wangedrag die klas belet word nie.
  - 47.6.5. Die tydperk wat die oortreder buite die klas geïsoleer word, moet so kort as moontlik wees, verkieslik nie langer as 10 minute nie. Die doel is om die oortreder deur isolasie tot sy sinne te laat kom en SO GOU MOONTLIK weer normaal te behandel.
  - 47.6.6. Puntetoekenning volgens Gedragkode.

## 48. KLERE:

KLEREBANK BY DIE SKOOL : Maandae tot Donderdae vanaf 12:45 – 13:45  
Vrydae: 12h45 tot 13h10

Sportdrag  
Dogters rokke  
Sweetpakke  
Skoolkouse  
Skoolwapens  
Swempette

POOBIE NAIDOO'S  
Wit lang kouse (vir krieket)

### ANDER LEWERANSIERS

Die vOlgende klere kan onder andere by Ackermans, Edgars, Pep, Jet, Woolworths, Asmal's of enige ander verskaffer gekoop word:

Wit hemde (langmou of kortmou)  
Grys broeke (kort en lank)  
Kort wit sokkies (dogters)  
Lang wit kouse (krieket)  
Vlootblou V-nek trui  
Swart eenstuk swembroek  
Swart speedo/ "tights"

### SKRYFBEHOEFTE

Waltons Stationers  
Tel: 033 264 5000  
Greyling Straat 227, Pietermaritzburg

Speciality Papers  
Tel: 033 342 8449  
Hyslopweg 21, Pietermaritzburg

### HANDBOEKWINKEL

Adams & Co.(Pty) Ltd  
Tel: 033-394 6830  
Kerkstraat 230, Pietermaritzburg

Cascades Boekwinkel  
Tel. 033 347 1361  
McCarthyylaan 9, Pietermaritzburg

**AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 06 NOVEMBER 2014**

---

**A.G. OPPERMAN**  
**VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM**

---

**MEV. C.A.J. VAN TONDER**  
**SKOOLHOOF**

1. Daar moet ten alle tye opgelet word om die reëls van die skool na-tevolg. Oortredings wat die skool se beeld op en vanaf die skoolterrein kan beskadig sal ernstig gehanteer word. Dus moet leerders bewus wees dat 'n oortreding van die gedragskode VANAF die skoolterrein in skooldrag dieselfde dissiplinêre stappe en gevolge sal dra as die oortreding daarvan OP die skoolterrein.
2. Die gedragskode en reëls is dus bindend op 'n leerder wat;
  - 2.1. Op die skoolterrein beweeg in skooldrag gedurende skooltye;
  - 2.2. Op die skoolterrein beweeg sonder skooldrag. Byvoorbeeld tydens 'n sportwedstryd hetsy dit 'n GM of Voortrekker wedstryd is; en
  - 2.3. Vanaf die terrein maar in skooldrag geklee is
3. Die klasreëls is riglyne wat opgestel is om aanvaarbare gedrag, 'n positiewe leeromgewing en dissipline in die daaglikse klaskamer roetine te kan toepas. Dit is belangrik dat die klasreëls deur die onderwyser aan elke leerder (bekend gestel word) aan die begin van elke jaar, en die leerders moet ook deurlopend daarop attent gemaak word. Onderwysers mag nie in die toekoms teen 'n leerder diskrimineer a.g.v. 'n oortreding in die verlede nie.
4. Die 5 HOOF-KLASREËLS sluit die volgende in:
  - 4.1. Betoon respek aan leerkragte, medeleerders en besoekers.
  - 4.2. Luister na 'n opdrag.
  - 4.3. Wees te alle tye netjies.
  - 4.4. Tree vinnig en flink aan in die rye sonder gesels.
  - 4.5. Steek jou hand op vir vrae, moenie uitskree nie.
  - 4.6. Klasse verdaag stil en sonder om te gesels.

## **5. ADDISIONELE KLASREËLS**

- 5.1. Klas of huiswerk nie gedoen OF voltooi nie huiswerk nie gedoen nie
- 5.2. Aanhoudende slordige werk
- 5.3. Ignoreer opdragte
- 5.4. Ontwrigtend in die klas
- 5.5. Pla ander maats
- 5.6. Jok/ oneerlikheid
- 5.7. Tuiswerkvel/ boeke nie geteken nie
- 5.8. Briewe nie geteken nie
- 5.9. Boeke nie by die skool nie
- 5.10. Skooltas met slagspreuke en plakkers
- 5.11. Boeke nie oorgetrek nie
- 5.12. Doen nie nasorg nie
- 5.13. Media boeke laat
- 5.14. Sport/ LB klere vergeet
- 5.15. Toetse nie geteken nie
- 5.16. Opdragte word laat ingehandig

## **6. AKADEMIESE OORTREDINGS**

- 6.1. Leen huiswerk uit vir afskryf
- 6.2. Skryf huiswerk af van ander
- 6.3. Opdragte word nie ontvang nie
- 6.4. Verlore boeke/ skoleiendom



6.5. Oneerlik in toetse of eksamens

## 7. GEDRAGSOORTREDINGS

- 7.1. Eet/drink in die klas/rye sonder toestemming
- 7.2. Geen afwesighedsbrief vir klas/skool of sportbywoning
- 7.3. In besit of hanteer van speelgoed/selfone ensovoorts in skooltyd
- 7.4. Laat vir klas/skool/oefening
- 7.5. Skooldrag/voorkoms nie volgens gedragskode nie
- 7.6. Versuim om aan te tree/ praat/ speel in die rye
- 7.7. Versuim om skeurstrokie van briewe terug te bring
- 7.8. Bly sonder verskoning weg van buitemuurs
- 7.9. Afwesig van klas sonder toestemming
- 7.10. Onfatsoenlike fisiese kontak
- 7.11. Hantering van selfoon of enige ander verbode toestelle
- 7.12. Kwetsende aanmerkings/knou ander leerders af insluitend aanhitsery/ opstokery
- 7.13. Pligsversuim deur leerlingraad
- 7.14. Steek eiendom weg
- 7.15. Swak taalgebruik/ vloek
- 7.16. Strooi rommel op terrein/klas
- 7.17. Teenwoordig op verbode terrein
- 7.18. Rassistiese aanmerkings
- 7.19. Verlaat die skoolterrein sonder toestemming
- 7.20. Afwesig van skool sonder toestemming of rede("stokkiesdraai")
- 7.21. Bedrog (vervalsing van handtekening/skryf brief namens iemand)
- 7.22. Uitdaging van gesag veral teenoor personeel. Disrespekvol teenoor prefekte en maats.
- 7.23. Baklei/afknouery OF gedrag wat aanleiding gee tot baklei/afknouery (aanhitsery/ opstokery)
- 7.24. Geboeliery/ dreig/ intimidasie
- 7.25. Besit of gebruik van tabak/ alkohol/dwelms/vuurwapens of ander gevaarlike wapens/verbode leesstof (besit in hierdie geval sluit ook in die bedoeling om te gebruik, dreig om te gebruik, versprei of net te oorhandig)
- 7.26. Diefstal
- 7.27. Seksuele wangedrag. In besit van pornografiese materiaal of teken van sketse van seksuele aard. (besit in hierdie geval sluit ook in die bedoeling om te versprei of net te oorhandig)
- 7.28. Vandalisme/ beskadiging/vernielsugtigheid van skool eiendom OF 'n medepligtige (verantwoordelik vir finansiële implikasies)
  
- 7.29. Voor of ná skool, of gedurende klaswisseling, voor of ná skool op die stoepe hardloop nie
- 7.30. Speel / raas in die toilet
- 7.31. Leerders moet te alle tye beleefd optree.
- 7.32. Leerders mag slegs goedgekeurde skooldrag gedurende skooltyd dra
  
- 1.1. Die leerders mag glad nie voor skool en tydens pouses hul skoene uittrek om op die veld te speel nie.
- 1.2. Geen leerder mag die skoolterrein sonder die Hoof se toestemming verlaat nie.
- 1.3. Enige vorm van kougom is ontoelaatbaar.
- 1.4. Kultusse word nie toegelaat nie.
- 1.5. Enige gedrag wat die skool se beeld nadelig beïnvloed nie
- 1.6. Misbruik van water
- 1.7. Alle skoolklere, tasse en persoonlike eiendom moet duidelik gemerk wees.
- 1.8. Geen leerder mag op die skoolterrein fietse ry nie.
- 1.9. Leerders mag nie in bome op die terrein òf op enige konstruksie òf dakke klim nie.

Plante mag nie beskadig word nie.

## BELONINGS VIR GOEIE GEDRAG

## Aanhangsel B

Die volgende brief word uitgegee vir goeie gedrag

Datum: \_\_\_\_\_

Geagte Ouer

Dit het onder ons aandag gekom dat u kind \_\_\_\_\_  
deurentyd goeie gedrag openbaar.

Ons deel in u trots en vreugde en wil hiermee ons opregte gelukwensing oordra. Ons wil u ook gelukwens met die ondersteuning en opvoeding wat u kind in hierdie verband van u as ouer tuis ontvang.

Op \_\_\_\_\_ mag u kind siwwies aantrek as beloning vir goeie gedrag.

\_\_\_\_\_  
Onderwyser/es

Mev. C.A.J. van Tonder  
Skoolhoof